**Genesing by die bad van Betesda**

**Joh 5:1-18**

**6 April 2025**

1. Vantevore: Die Here Jesus het die Galileërs deur die genesing van die amptenaar se seun geleer dat hulle geloof in Hom meer inhoud moet hê as net die tekens wat Hy doen – saligmakende geloof erken Hom as die Messias, wat ewige lewe kan gee.
2. Joh 5:1-3: Tyd lank na Joh 4, gebeur in Jerusalem, by bad van Betesda, tydens ‘n fees
3. Die Here Jesus se genesing van die siek man (Joh 5:1-15)
    a. Die feit van die lewe (v6)
        - Na 38 jaar, is die man al gewoond aan hierdie saai lewe
        - Wil jy gesond word? (v6) – of voortgaan met die bekende saai lewe?
    b. Die mense se hopeloosheid (v7)
        - Hy kan homself nie help nie, en het niemand anders om hom te help nie
    c. Die oorsaak van die hopeloosheid (v14)
        - Oorsaak is sonde
            - Sonde in die algemeen: blinde man (Joh 9:3), Lasarus (Joh 11:4), Galileërs, mense by toring van Siloam (Luk 13:1-5)
            - Spesifieke persoonlike sonde: Ananias en Saffira (Hand 5:1-11), Korintiërs (1 Kor 11:30)
        - Verwagting van nog iets ergers – oordeelsdag
    d. Die hoop wat die Here Jesus bring (v8-9)
        - “Staan op, neem jou slaapmat op en loop” – die man word gesond
        - Jesus maak soewerein gesond: wie Hy wil, wanneer Hy wil, soos Hy wil
        - Man is aktief betrokke: Moet opstaan, opneem, loop, nie meer sondig nie
        - Die man word gesond deur geloof in die Here Jesus – regverdigmaking
        - Die man moet nie meer sondig nie – heiligmaking
        - Hoef nie iets erger te verwag nie – heerlikmaking
4. ‘n Gesprek oor die sabbatdag (Joh 5:9b-18)
    a. Gesondmaking het op sabbatdag plaasgevind
    b. Besware van die Jode:
        - Die man dra sy slaapmat – oortreding van die sabbatsgebod
        - Die Here Jesus maak op sabbatdag gesond – oortreding van sabbatsgebod
        - Die Here Jesus het die Vader Sy Vader genoem
    c. “My Vader is tot nou toe aan die werk, en Ek is ook aan die werk” (v17, vgl Mark2, Luk13,14, Mat 12)
        - God rus sedert Gen 2 van Sy skeppingswerk (Gen 1-2)
        - God werk sedert Gen 3 aan Sy verlossingswerk
            - Eks 20:8-11 – rus, want God rus van skeppingswerk
            - Deut 5:12-15 – rus, want God werk aan verlossingswerk
        - Jesus se genesing by Betesda is deel van God se verlossingswerk – dus nie oortreding van sabbatsgebod nie
        - Dra van slaapmat is deel van die verlossing van die man – dus nie oortreding van sabbatsgebod nie
        - Werk ter ondersteuning van verlossing – nie oortreding van sabbatsgebod nie